

DIE TULI

Die Tuli, 'n mediumraam, inheemse, poenskop vleisbeesras, is gehard, baie aanpasbaar, glad van haar en het 'n natuurlike weerstand teen beide inwendige en uitwendige parasiete. Hy is effekleurig maar kom in skakerings van wit, geel en rooi voor en het 'n kenmerkende lang, diep lyf met goeie breedte en kapasiteit, sterk bene en 'n rustige temperament.

GESKIEDENIS

AGTERGROND

Afrika Beeste is tradisioneel opgedeel in die met skowwe en die daarsonder. Die met skowwe is ook weer in twee groepe verdeel. Die met hul skowwe, meer na agter op die toraks (thoracic hump) word Zebu genoem en die met skowwe meer na vore op die nek (cervico- thoracic hump) staan bekend as Sanga. Volgens die heel nuutste radiokoolstof tegnieke was daar ongeveer 2000 jaar gelede reeds beeste in Botswana en hulle is in alle waarskynlikheid deur migrerende stamme in Suidelike Afrika ingebring. Met verloop van tyd het sangas volop in die omgewing suid van die Zambezi voorgekom. Deur die eeu heen het die beeste deur natuurlike seleksie by verskillende ekologiese streke aangepas. Klein verskille het in die streke voorgekom en die beeste het die basis vir verskeie rasse geword – Tswana tipes waaruit die Tuli afkomstig is; die Afrikaner met sy afstammelinge soos die Bonsmara; en die Nguni met die naverwante Pedi-, Zulu- en Caprivi beeste. Navorsers het sedert die vroeë sewentigs met baie teorie vorendag gekom m.b.t. die kwessie of sangas nader verwant is aan die Europese *bos taurus* bees of aan die Asiatis *bos indicus*. Deurslaggewende navorsing in die 1990's, ondersteun deur die wetenskap wat intussen ongekende vordering gemaak het, het onteenseglik bewys dat suider Afrikaanse sangas as *Bos taurus* geklassifiseer behoort te word. Daar is egter klein maar belangrike verskille (biochemiese o.a), tussen *Bos taurus* beeste uit Brittanje en Europa en suider Afrikaanse sangas soos die Tuli. Die verskille word o.a deur wetenskaplikes toegeskryf aan mutasie en natuurlike seleksie vir groter aangepastheid by tropiese omstandighede. Op sterkte hiervan is voorgestel dat sangas soos die Tuli as 'n aparte groep, *Bos taurus africanus*, geklassifiseer word.

VROEË TULI

GESKIEDENIS IN ZIMBABWE

In die vroeë jare veertig was daar in Suid Rhodesië (vandag Zimbabwe) 'n veeverbeterings skema in plek waarvolgens ingevoerde bulle van Europese rasse aan die plaaslike bevolking beskikbaar gestel is. Die idee was om die inheemse veestapel te "verbeter". Mnr Len Harvey, 'n Suid Afrikaans gebore landbou adviseur wat vir die Staat gewerk het, was hoegenaamd nie oortuig dat die skema deurdag was of dat dit noodwendig enige verbetering te weeg sou bring nie. Hy was seker dat die ingevoerde beeste en hulle nageslag waarskynlik nie in die uiters moeilike omgewing sou oorleef nie. Harvey het reeds opgemerk dat daar onder die gewone Tswana tipe beeste, in die suid-weselike hoek van Zimbabwe waar hy gewerk het, 'n spesifieke tipe geel sanga was wat, te oordeel aan hulle konstante goeie kondisie, blykbaar beter aangepas was by die omgewing. Dit het hom vier jaar geneem om die Staat te oortuig, maar in 1945 word 3000 akkers grond in die Trustgebied, 40km suidwes van Gwanda, opsy gesit vir 'n veeteeltprogram met 'n 'revolusionere' nuwe benadering gebaseer op

verbetering van die inheemse beeste self. Na die nodige infrastruktuur aangelê is, is die eerste groep van 20 koeie en 'n bul wat van die plaaslike bevolking gekoop is in 1946/47 op die plaas gevestig. Binne maande is getalle tot 60 koeie en 2 bulle aangevul. Die plaas, aan die Guyuspruit, 'n sytak van die Tulinrivier, het mettertyd bekend geraak as die T.B.S (Tuli Breeding Station). In 1950 is die T.B.S vergroot tot 20 000 akkers en Len Harvey is aangestel as permanente Beampete in Bevel.

Aanvanklik is seleksie klem op vrugbaarheid en konstitusie van die koei sowel as haar kalf geplaas, met spesiale aandag aan bene en uiers. Getalle moes vinnig opgebou word, maar besondere klem is gelê op fenotipe en gewig per ouerdom, aangesien verbeterde vleisproduksie by die Tuli die hoofdoel was. In 1954 het Tuli's vir die eerste keer aan die Matabeleland Skou deelgeneem en boeredae is by die T.B.S gehou. In 1955 is die Tuli as 'n inheemse Rhodesiese Ras geregistreer. Ten spyte van genadelose prul van diere wat nie op standaard was nie was daar in 1961 reeds meer as 1000 Tulis op die T.B.S. Dit was ook die jaar waarin groepe Tuli tollies, tot almal se verbasing, skoonskip gemaak het in slagkompetisies op al drie die grootste skoue in die land. So is die gesogte 'Triple Crown' trofee vir die T.B.S verower.

Alhoewel die idee was om beter diere te teel om weer aan die plaaslike bevolking terug te gee is klein getalle diere op 'n soort bruikleen skema aan belangstellende kommersiële boere beskikbaar gestel. In 1961 is 'n Tuli Telersgenootskap gestig en 'n Grondwet en Regulasies opgestel.

In 1962 word Len Harvey se belangrike bydrae tot die landbou in Zimbabwe beloon deurdat 'n M.B.E (Most Excellent Order of the British Empire) deur die Engelse Koningin aan hom toegeken is. 'n Hoogtepunt in die Tuli se vroeë geskiedenis het in 1969 plaasgevind toe Bulawayo die "Vryheid van die Stad" aan die Tulis toegeken het. Met ses uitstaande bulle vooraan is Tuli's van die T.B.S deur die middestad geparadeer met die Bulawayo doedelsakspelers aan die voorpunt. Op die trappe van die Stadsaal het die burgermeester hulle ingewag en 'n manjifieke bul, Sergeant, is seremoniëel aan die stad oorhandig en herdoop na "Si Ye Pambile" wat Bulawayo se stadsleuse is en in Ndebele 'Ons gaan vooruit' beteken. Op die eerste openbare produksie veiling van Tulis in 1965 is die hele aanbod van 39 bulle, 117 verse en 49 koeie deur entoesiastiese kopers opgeraap.

Die 'moeder kudde' van 300 koeie het van krag tot krag gegaan. Die T.B.S. kudde is intussen na die Guyu Kudde herdoop en hieraan is 'n storie gekoppel. Die eerste poenskop bul (seun van die Basis bul, Mahuke, wat los horings gehad het) is op 21 April 1951 in die droë sanderige loop van die Guyuspruit gebore. Hy is GUYU gedoopt. Guyu se invloed op die kudde was so groot dat daar besluit is om die kudde na hom te vernoem en hyself staan vandag in historiese stamboome bekend as GUYUGUYU.

In 1978 tree Len Harvey na 40 jaar in die bedryf af. Die 'Bevrydings Oorlog' wat teen die tyd reeds vir jare geduur het, het geleidelik in felheid toegeneem. Een nag in 1979 is al die werkers van die T.B.S ontvoer. Daar is gevrees dat die Tulis in groot gevaar verkeer en 'n reuse reddingsaksie is deur Ian Smith se Regering op tou gesit. Staatsvoertuie is beskikbaar gestel en al die diere is binne 48 uur na die Matopos Navorsingstasie verskuif. Alhoewel Harvey nog vir 'n ruk as adviseur opgetree het, het die brandpunt van aksie t.o.v. die Tuli voortaan na privaat telers verskuif.

TULIS IN SUID AFRIKA

Die eerste Tulis, 'n groep van 30 dragtige verse en 3 bulle, is aan die einde van 1976 vanaf die T.B.S in Zimbabwe na Suid-Afrika gebring. Die invoerders was die Bornmann familie en 'n aangetroude familielid, Dr Fanie Kellerman. Dr Kellerman het op 'n stadium in Zimbabwe gewerk en het daar met die Tulis kennis gemaak. Die beeste is op skoue aan die publiek bekend gestel, boere- en inligtingsdae en prestige promosieveilings is gehou en geleidelik het die Tuli ook in Suid Afrika sy merk gemaak. Die Tuli Beestelersgenootskap is op 24 Maart 1994 amptelik gestig. In 2005 is daar ongeveer 40 Tulitelers met net meer as 5000 aktiewe diere by S.A. Stamboek geregistreer.

VERSPREIDING EN BELANGRIKSTE EIENSKAPPE

VERSPREIDING

Die Tuli is by uitstek 'n ekstensieve veldbees wat gedy op natuurlike veld. Die ras het 'n besondere vermoë om enige kwaliteit ruvoer produktief om te sit in vleis. Tulis se ongelooflike aanpasbaarheid word duidelik weerspieël as mens na die beeste se verspreiding kyk. Tulis floreer in alle toestande, van die duineveld in Namibië, die Noordkaap en Botswana; die warm hartwater bosveld streke in Zimbabwe, Limpopo en die Laeveld van Mpumalanga; die hoë reënval galsiekte en rooiwater gebiede van Mpumalanga en Natal; die koue berghange van die Drakensberge waar sneeu gereeld voorkom; die uitgestrekte Vrystaatse grasvlaktes; die bossieveld in die Karoo; in die koue mistige berge van die Ooskaap sowel as die kusbos daar. Vandag is daar Tulis in Australië, Kanada, die VSA en in die warm tropiese dele van Zambië.

EIENSKAPPE

Die Tuli is 'n egte Suider-Afrikaanse inheemse ras met ingeteelde gehardheid en aanpasbaarheid wat verkry is deur natuurlike seleksie oor 'n periode van meer as **twee duisend jaar**.

Meer onlangse wetenskaplike seleksie metodes het die klem laat val op ekonomies belangrike einskappe en die moderne Tuli is ontwikkel sonder om die raseienskappe, aanpasbaarheid en gehardheid prys te gee. By vroulike diere is veral vrugbaarheid, melkproduksie en lae kalf mortaliteit nagestreef terwyl groeivermoë, voeromset en karkas kwaliteit by manlike diere beklemtoon is. Die Tuli het in relatiewe isolasie ontwikkel en het 'n unieke genetiese profiel wat hom besonder suksesvol maak in kruisteelprogramme - nie alleen word 'n hoë mate van basterkrag verkry nie maar 'n hoë persentasie poenskop kallers ook. Tuli osse asook kruis kalwers rond makliker op die veld af as baie ander rasse.

Om die ideale Tuli te verseker word net soveel klem op die prestasie as die visuele voorkoms van die ras gelê wat gedoen word volgens die Tuli Standaard van Voortreflikheid

DIE TULI STANDAARD VAN VOORTREFLIKHEID

ALGEMENE VOORKOMS

Effekleurig met gladde haar. Medium raamwerk gerond en goed gebalanseerd met klem veral op sterk rug en agterkwart ontwikkeling. Beweeg flink, gemaklik en grasieus.

KLEUR

Alle skakerings van wit, geel tot donkergeel, ligrooi tot donkerrooi, skakering van dagha, bruin tot donkerbruin. Geen swart nie en geen soliede wit bokant die onderlyn nie.

KOP

Middelmatige groot in jong manlike en vroulike diere, medium tot groot in volwassenes.

HORINGS EN POENSKOP

Oorwegend poenskop met hoë kopkruin, dikwels met prominente knop op die kruin. Kopkruin van horingbeeste afgeplat of effens hol. Horings groei opwaarts, draai na buite en is rond in deursnit. Bulle se horings swaar aan die basis, die van koeie netjies, klein en gepunt. Loshorings en horingknoppies kom voor.

OË

Goedgeplaas, ovaal en donker, omring deur gepigmenteerde vel. Oogbanke goed ontwikkel.

GESIG

Kort na mediumlengte, sterk, wyd en hol tussen die oë.

Effens romeinse neusprofiel. 'n Lyn wat tussen die oë na onder getrek word sal gesig in twee gelyke helftes deel.

ORE

Klein, skoon, gepunt, aktief en netjies geplaas.

BEK

Breed, sterk en bespierd. Neusspiël en groot neusgate goed gepigmenteer.

TANDE

Wyd, goed geplaas en baie hard.

HARE

Baie kort, reguit, glad en glansend. Digter en langer onder koue toestande.

VEL

Taai en dik maar tog soepel met goeie pigment.

SKOUERS

Goed ontwikkel in bulle, maar netjies aangeheg in albei geslagte. Skouer beweging altyd gemaklik.

BORSSTUK

Breed, diep, met goeie wydte van borsvloer, maar nooit swaar nie.

NEK

Slank en redelik kort in koeie en osse. In bulle, gespier en welgevorm, met goed ontwikkelde geronde bespierde skof wat na vore op die nek-borskasoorgang geplaas is. Koeie het klein skofte.

KEELVEL

Goed ontwikkeld. Strek vanaf ken tot tussen voorbene, met veelvuldige velplooie.

RUG

Sterk, goed gespierd en vol. Kambeen en kruis ongeveer op dieselfde vlak. Lende prominent, goed ontwikkel en vol.

RIBBES

Goeie ribsprong met lang gewelfde ribbes wat meer bors kapasiteit gee.

MIDDELSTUK

Lank, breed, diep en goed gewelf. Netjiese onderlyn maar nie te diep nie.

AGTERKWART

Goed bespierd met 'n matige val van heup- tot sitbeen. Geronde en goed ontwikkelde toplyn. Breë kruis met draaibene wyd geplaas.

BENE EN KLOUE

Sterk, droog en funksionele bene, goedgeplaas onder die dier. Gemaklike beweging. Hoewe hard en kompak. Bulle se agterkloue kleiner as voorkloue.

STERT

Baie lank met stertkwas wat verby hak hang. Goed aangeheg, netjies afgedun, soepel en aktief.

MELKSISTEEM

Uier kompak, goedgebalanceerd met goeie aanhegting voor en agter. Spene klein, goed gespasieerd en gepigmenteerd.

GESLAGSTELSEL

Koeie met goed ontwikkelde vulva. Bulle met goed ontwikkelde, bilateraal simmetriese testes met goed gedefinieerde nek. Byballe mooi duidelik aanwesig en goed gedefinieerd. Skede netjies teen romp aangeheg, met klein ferm opening.


GEAARDHEID

Maklik hanteerbaar, behalwe koeie met pasgebore kalwers. Bulle besonder goedgeaard. Osse mak en hanteerbaar.

GROOTTE

Volwasse bulle (d.w.s. bo 3 jaar) weeg tussen 700 en 900kg, volwasse koeie (d.w.s. bo 3 jaar) tussen 400 en 600kg.

DIE BUL: BOUVORM BENAMING / THE BUILD OF A BULL



1	Bek / Mouth	18	Elmboog / Elbow	35	Dye / Thigh
2	Neusgate / Nostril	19	Borsstuk / Brisket	36	Kniegewrig / Stifle joint
3	Neusspieël / Muzzle	20	Knie / Knee	37	Lies / Flank
4	Gesig / Face	21	Skeenbeen / Cannon bone	38	Waai van die been / Second thigh
5	Kakebeen / Jaw	22	Kootgewrig / Pastern	39	Binneboud en spieël / Topside and Twist
6	Oog / Eye	23	Hoef / Hoof	40	Stert / Tail
7	Oogbank / Eyebrow	24	Koot / Coronet	41	Stertkwas / Switch
8	Voorkop / Forehead	25	Bykloutjies / Dew claws	42	Hakskeen / Hock
9	Kruin / Poll	26	Haseléer / Crops	43	Skrotum / Scrotum
10	Oor / Ear	27	Ribbes / Ribs	44	Skede / Sheath
11	Skof / Hump	28	Buik / Belly	45	Bolyn / Topline
12	Bopunt van skouer / Top of shoulder	29	Lende / Loin	46	Rug / Back
13	Nekstuk / Neck	30	Heupbeen / Hip bone	47	Kambene / Chine
14	Skouers / Shoulder	31	Kruisstuk / Rump	48	Middelstuk / Barrel
15	Borsslag / Heartgirth	32	Stertwortel / Tailhead	49	Onderlyn / Underline
16	Skouerknop / Point of shoulder	33	Sitbeen / Pinbone	50	Agterkwart / Hindquarter
17	Keelvel / Dewlap	34	Draaibeen / Thurl	51	Voorkwart / Forequarter

DIE BUL

1. Algemene Voorkoms

Effekleurig met gladde haar, medium raamwerk, goed gebalanseerd met klem op sterk lang rug en goed ontwikkelde agterkwart.

Karakter

Sterk manlike kop, goed gevormde nek en skof, goeie diepte en lengte.

Bouvorm

Medium raam, egalig bespierd en goed gebalanseerd. Effens wigvormig na voor.

Kleur en vel

Goed gepigmenteerde dik soepel vel. Effekleurig, alle skakerings wit, geel tot donkergel, ligrooi tot donkerrooi, skakerings van dagha, bruin tot donkerbruin. Geen swart diere of soliede wit op enige plek behalwe onderlyn nie..

20 Punte

2. Groei vir ouderdom

Volwasse bulle weeg tussen 700 tot 900 kg. Gewig en grootte t.o.v. ouderdom is belangrik.

4 Punte

3. Kop

Manlike sterk kop van middelmatige grootte by jong diere en middelmatig tot groot by volwasse bulle.

Horings en poenskop.

Oorwegend poenskop met hoë kruin, dikwels met knop op die kruin. Kruin van gehoringde beeste aangeplat of effens hol. Horings groei opwaarts draai na buite en is rond in deursnit. Die horings is swaar by basis. Loshorings en horingknoppies is toelaatbaar.

Oë

Goed geplaas, ovaal en donker, omring deur gepigmenteerde vel. Goed ontwikkelde prominente manlike oogbanke.

Gesig

Kort na medium lengte, sterk manlik, wyd en gekom tussen oë. Effense romeinse neusprofiel. 'n Vertikale lyn tussen die oë deur sal die gesig in twee eenderste helftes deel.

Ore

Klein, skoon, gepunt en korrek geplaas.

Bek

Breed en sterk. Neusspiël en groot neusgate goed gepigmenteerd.

8 Punte

4. Nek, Skof, Keelvel en Skouers.

Nek

Welgevormde, goed bespierde nek met egalige aansluiting aan borskas en kop.

Skof

'n Goed ontwikkelde, geronde, manlike skof wat na vore op die nek-borskas oorgang geplaas is.

Keelvel

Goed ontwikkel met veelvuldige velplooie. Strek vanaf ken tot tussen voorbene.

Skouers

Goed ontwikkel en bespierd met netjiese aanhegting. Kambene nie te prominent nie. Skouer beweging altyd gemaklik. Goed gevlees agter die skouer en elmboog.

8 Punte

5. Borsstuk,Borskas, Middelstuk en Kapasiteit

Borsstuk

Breed, diep, met goeie wydte. Nooit te swaar nie.

Borskas

Diep en wyd.

Middelstuk en kapasiteit

Lank, breed, diep en goed gewelfde ribbes met 'n goed ontwikkelde verteringsruim. Netjiese onderlyn.

10 Punte

6. Bolyn, Rug, Lende, Heupe,Kruisstuk en Stert.

Bolyn

Strek vanaf kambene tot by kruisstuk en is lank en breed.

Rug

Sterk, goed bespierd, lank en vol met goeie aansluiting by kruisstuk en skouers. Nie oordrewe hol nie.

Kruisstuk

Breed, goed bespierd sonder vet opeenhoping. Lengte van heup na sitbeen.

Matige val van heup tot sitbene. Heupbene breed, vlesig, bedek, nie te prominent. Draaibene wyd geplaas. Sitbene nie te na aan mekaar.

Lende

Prominent, goed ontwikkeld en gevlees. Mooi aansluiting by rug en kruisstuk.

Stert

Goed aangeheg, netjies afgedun, soepel en aktief. Baie lank met growwe sterkwas wat verby hakke hang.

14 Punte

7. Dye, Boude en Binneboud

Dye

Diep, vol en breed. Strek laag af tot by hak.

Boude

Breed en lank vanaf sitbeen tot by hak. Nie oordrewe gerond nie.

Binneboud

Goed gevul met goeie diepte.

14 Punte

8. Bene en Hoewe

Bene

Sterk, skoon, funksionele bene, nie te grof nie, wat vierkantig onder dier geplaas is. Hakke en kote sterk met goeie vorm. Twee bykloutjies teenwoordig aan elke poot.

Hoewe

Hard en kompak. Agterhoewe kleiner.

Beenstruktuur

Van sterk, harde kwaliteit. Nie te grof nie.

10 Punte

9. Manlike Teelorgane

Testis

Goed ontwikkelde, bilateraal simetriese testis met goed gedefinieerde nek.
Byballe duidelik aanwesig.

Skede

Netjies teen romp aangeheg, met klein ferm opening. Nie oormatig ontwikkel.
Naelvel nie te lank nie.

8 Punte

10. Haar en Vel

Haar

Kort, reguit, glad en glansend. Digter en langer in koue klimaat.

Vel


Taai en dik, maar tog soepel en goed gepigmenteer.

4 Punte

PUNTE VERDELING VAN DIE BUL

Algemene Voorkoms	20
Groei vir Ouderdom	4
Kop	8
Nek, Skof, Keelvel en Skouers	8
Borsstuk, Borskas, Ribbes en Kapasiteit	10
Bolyn, Rug, Lende, Heupe, Kruis en Stert	14
Dye, Broek, en Binneboud	14
Bene, Hoewe en Beenstrukuur	10
Manlike Teelorgane	8
Haar en Vel	4
Totaal	100

DIE KOEI: BOUVORM BENAMING / THE BUILD OF A COW



1	Bek./Mouth	18	Elmboog / Elbow	35	Dye / Thigh
2	Neusgate / Nostiril	19	Borsstuk / Brisket	36	Kniegewrig / Stifle joint
3	Neusspieël / Muzzle	20	Knie / Knee	37	Vulva / Vulva
4	Gesig / Face	21	Skeenbeen / Cannon bone	38	Waai van die been / Second thigh
5	Kakebeen / Jaw	22	Kootgewrig / Pastern	39	Lies / Flank
6	Oog / Eye	23	Hoef / Hoof	40	Stert / Tail
7	Oogbank / Eyebrow	24	Koot / Coronet	41	Stertkwas / Switch
8	Voorkop / Forehead	25	Bykloutjies/Dew claws	42	Hakskeen / Hock
9	Kruin / Poll	26	Haselêer / Crops	43	Speen / Teat
10	Oor / Ear	27	Ribbes / Ribs	44	Uier / Udder
11	Skof / Hump	28	Buik / Belly	45	Rug / Back
12	Bopunt van skouer / Top of shoulder	29	Lende / Loin	46	Bolyn / Topline
13	Nekstuk / Neck	30	Heupbeen / Hip bone	47	Kambene / Chine
14	Borsslag / Heartgirth	31	Kruisstuk / Rump	48	Middelstuk / Barrel
15	Skouers / Shoulder	32	Stertwortel / Tailhead	49	Onderlyn / Underline
16	Skouerknop / Point of shoulder	33	Sitbeen / Pinbone	50	Agterkwart / Hindquarter
17	Keelvel / Dewlap	34	Draaibeen / Thurl	51	Voorkwart / Forequarter

5. Borsstuk, Borskas, Middelstuk en Kapasiteit

Borsstuk

Breed en diep. Nooit te swaar nie.

Borskas

Diep en wyd.

Middelstuk en kapasiteit

Lank, breed, diep en goed gewelfde ribbes met 'n goed ontwikkelde verteringsruim. Netjiese skoon onderlyn met minimum naelvel.

10 Punte

6. Bolyn, Rug, Lende, Heupe, Kruisstuk en Stert

Bolyn

Strek vanaf kambene tot by kruisstuk en is lank en breed.

Rug

Sterk, lank en vol met goeie aansluiting by kruisstuk en skouers. Nie oordrewe hol nie

Kruisstuk

Breed, goed gevul sonder vet opeenhoping. Lengte van heup na sitbeen. Matige val van heup tot sitbene. Heupbene breed, vlesig bedek, nie te prominent. Draaibene wyd geplaas, verkiekslik wyer as die heupbene. Sitbene nie te na aan mekaar.

Lende

Prominent, goed ontwikkel en gevlees. Mooi aansluiting by rug en kruisstuk.

Stert

Goed aangeheg, netjies afgedun, soepel en aktief. Baie lank met growwe stertkwass wat verby hakke hang.

14 Punte

7. Dye en Boude

Dye

Diep, vol en breed. Strek laag af tot by hak.

Boude

Breed en lank vanaf sitbeen tot by hak.

10 Punte

8. Bene en Hoewe

Bene

Sterk, skoon, funksionele bene, nie grof nie, wat vierkantig onder dier geplaas is. Hakke en kote sterk met goeie vorm. Twee bykloutjies teenwoordig aan elke poot.

Hoewe

Hard en kompak.

Beenstruktuur

Van sterk, harde kwaliteit. Nie grof nie.

10 Punte

9. Vroulike Teelorgane

Uier

Uier kompak, goed gebalanseerd met goeie aanhegting voor en agter.

Spene

Spene klein, goed gespasieerd en gepigmenteerd.

12 Punte

10. Haar en Vel

Haar

Kort, reguit, glad en glansend. Digter en langer in koue klimaat.

Vel

Taai en dik, maar tog soepel en goed gepigmenteer.

4 Punte

PUNTE VERDELING VAN DIE KOEI

Algemene Voorkoms	20
Groei vir Ouderdom	4
Kop	8
Nek, Skof, Keelvel en Skouers	8
Borsstuk, Borskas, Ribbes en Kapasiteit	10
Bolyn, Rug, Lende, Heupe, Kruis en Stert	14
Dye en Boude	10
Bene, Hoewe en Beenstruktuur	10
Vroulike Teelorgane	12
Haar en Vel	4
Totaal	100

Diskwalifikasie (afkeur)	Diskriminasies
<ol style="list-style-type: none"> 1. Swart kleur of briekwa 2. Soliede wit bokant die ooglyn. 3. Enige tekens van onsuiwerheid 4. Oordrewe, kort of lang onderkaak en skewe bek. 5. Uitgroei of enige abnormale kloue. 6. Oormatige hol of geboë rug. 7. Krom rug van agter gesien. 8. Aangebore kinkel in stert (boonste derde). 9. Onderhaar te wollerig. 10. Oormatige bespiering (dubbele bespiering). 11. Onder gewig vir ouderdom. 12. Patella fiksasie (vashaak van knieskyf). 13. Misvormde testis (hipoplasie) of #skrotum omvang onder standard. 14. Prolaps by bulle 15. Indien nog nie gekalf het op 39 maande. 16. Indien 'n TKP van 730 dae tussen enige 2 kalwings oorskry word. 17. Indien gemiddelde TKP van 630 oor 3 of meer kalwings oorskry word. 18. Swak gepigmenteerde diere 19. Erflike gebreke 20. Wilde temperament 21. Permanente traan oë 	<ol style="list-style-type: none"> 1. Temperament 2. Te hoog op been, sonder diepte. 3. Uitermatige groot of ponie tipe. 4. Growwe bene 5. Plat kruis 6. Oormatige hangkruis 7. Sekel, ko- op regop-hakke. 8. Bokknieë, X-benig, bakbenig of duiftonig. 9. Regop of deursak kote. 10. Oordrewe wollerige of lang haar. 11. Onder-ontwikkelde vroulike geslagsorgane of uier.

MINIMUM SKROTUM OMVANG:

GEWIG	OMTREK
300 - 399kg	27cm
400 – 449kg	29cm
450 – 499kg	30cm
500-549kg	31cm
550 – 599kg	32cm

INSPEKSIESTANDAARDE

- Enige dier wat in 'n onderafdeling minder as 50% kry word afgekeur.
- 'n Vroulike dier wat in totaal minder as 60% kry word afgekeur.
- Bulle moet in totaal meer as 70% kry om gekeur te word.
Die hoeveelheid punte van 'n afdeling dui aan hoeveel kleim, (of dan tyd) aan die betrokke afdeling gegee moet word.

ALGEMEEN

'n Keurder is in diens van die Genootskap, alle persoonlike voor- en afkeure moet ter syde gestel word. U mag slegs 'n dier afkeur indien die betrokke dier nie aan die minimum standaarde voldoen nie.

Wees altyd positief. Moenie fout soek nie, maar leer u self aan om eers al die goeie punte raak te sien.

In gevalle waar u konstante afwykings in die betrokke teler se kudde waarnem, neem die vrymoedigheid om dit met die teler te bespreek.

Handel die administrasiewerk van die keuring dadelik af voor u die teler verlaat.

KEURDERS ETIEK

1. Alle keurings word deur die kantoor gereël.
2. Moenie ander telers of keurders bespreek of teen mekaar afspeel nie.
3. Moedig telers aan, moet hulle nie ontmoedig nie.
4. Wees eerlik, deeglik en konsekwent tydens keurings. Moenie telers bevoor- of benadeel nie.
5. Wees hoflik en professioneel.
6. Ken jou beperkings – moenie raad gee oor aspekte waarvan jy nie grondige kennis het nie.
7. Keurders mag nie swig onder druk van 'n teler nie.
8. Gebruik die korrekte terminologie.
9. Praat die teler se taal, al praat jy dit nie baie goed nie.
10. Gaan elke dier se tatoëér- of brandmerk na.
11. Gee hulp aan telers oor kudde administrasie ens.
12. Voltooi en teken keuringsverslag en sertifikate.
13. Bespreek jou algemene indruk van die diere met die teler.
14. Stuur alle keurings papierwerk terug aan die Kantoor en NIE aan Stamboek nie

ALGEMENE INLIGTING

LIDMAATSKAP

Om aan te sluit as 'n teler moet u lid word van die Tuli Beestelersvereniging van Suid Afrika asook S.A.Stamboek- en Veeverbeteringsvereniging.

Dit word ook sterk aanbeveel dat u deelneem aan die L.N.R se Nasionale Veeverbeterings Skema.

GEBOORTEKENNISGEWINGS

Kalwers moet binne drie dae na geboorte getatoëer of met 'n oorkode gemerk word. Geboorte massa word dan ook aangeteken.

Alle kalwings moet aangemeld word by S.A. Stamboek. Dit sluit aborsies in gedurende die laaste drie maande van dragtigheid, dood gebore kalwers asook kalwers wat nie aangeteken kan of wil word nie. Laasgenoemde kalwers word aangemeld as "nie vir registrasie oftewel NVR" maar sal dan aangeteken word teen die moer se kalf rekord.

Geboortekennisgewings moet binne sestig dae S.A.Stamboek bereik. Vir lewendige kalwers ontvang die teler 'n geboorte sertifikaat van S.A.Stamboek wat hy moet nagaan om te verseker dat alle gegewens korrek is.

Boetes word gehef op laat geboortekennisgewings en indien 'n geboorte meer as 150 dae laat is, moet die betrokke teler vertoë tot die Raad rig wie elke geval op meriete sal beoordeel en onder geen verpligting staan om toestemming tot laat-registrasie te gee nie.

VEEVERBETERINGS SKEMA

FASE A

Speen massa (tussen die ouderdom van 151-270 dae en gekorrigeer na 205 dae) moet geneem word. Indien moontlik moet die moer massa terselfdertyd geneem word.

In Fase A word die koei se effektiwiteit- en melkproduksie vermoë gemeet asook die kalf se voorspeense groei vermoë.

FASE B

12 en/of 18 maande massa.

Fase B is die naspeen evaluasie.

FASE C

Dit is die intensieve voerkraal toetsing van bulle by 'n gakrediteerde bultoets sentrum.

Hier word groeivermoë (GDT) asook die voer omset verhouding (VOV) van die bul getoets. Die bul se hoogte, lengte, skrotum omtrek en veldikte word ook gemeet.

FASE D1 EN D2

Hierdie is ook 'n bultoets maar word deur die boer of groep boere self, onder toesig van die L.N.R, gedoen. Die toets is intensief, semi-intensief of ekstensief en kan privaat of op die boer se plaas gedoen word.

Die bul se groeivermoë word gemeet en 'n doeltreffendheidsindeks (DI) word bereken.

Die bul se hoogte, lengte, skrotumomtrek en veldikte word ook gemeet.

DIE KUDDEBOEK

Die kuddeboek bestaan uit die Hulpstamboek en die Volgeregistreerde afdelings.

HULPSTAMBOEK A

Slegs vroulike diere kan in die afdeling opgeneem word en moet aan die volgende vereistes voldoen: Genotipies cum fenotipies Tuli

Die minimum rasstandaarde

Die vaar moet bekend en 'n gekeurde SP bul wees.

Indien meerbul parings gedoen is moet die vaderskap m.b.v.

DNA bevestig word.

Alle diere wat in die vorige stelsel F1 diere was word hier opgeneem.

HULPSTAMBOEK B

Alle nageslag kan in hierdie afdeling opgeneem word en moet aan die volgende vereistes voldoen: Die minimum rasstandaarde

Die vaar moet 'n gekeurde SP bul wees.

Die moer moet 'n gekeurde hulpstamboek A dier wees

Alle diere wat in die vorige stelsel F2 diere was, word hier opgeneem.

VOLGEREGISTREERDE AFDELING (SP oftewel "Studbook Proper")

Alle nageslag kan in hierdie afdeling opgeneem word en moet aan die volgende vereistes voldoen: Die minimum rasstandaarde.

Die moer 'n gekeurde hulpstamboek B en die vaar 'n gekeurde SP dier

Die moer 'n gekeurde SP en die vaar 'n gekeurde SP dier

Die moer 'n SP en die vaar 'n gekeurde hulpstamboek
B dier

Alle diere wat in die vorige stelsel F3 en F4 diere was word hier opgeneem.

VERORDENINGE

1. KUDDEBOEK

1.1 Algemeen

- 1.1.1 Die Genootskap sal toesien dat die Vereniging rekord hou van alle geregistreerde Tulis en dat die Kuddeboek, wat bekend sal staan as die Tuli Kuddeboek, sal bestaan uit –
 - (a) Hulpstamboekafdeling, en
 - (b) Volgeregistreerde Afdeling van die Kuddeboek.
- 1.1.2 Die Genootskap mag met goedkeuring, en onder beheer van die Vereniging, die Kuddeboek publiseer waarin die aantekeninge en registrasie wat onderhewig aan hierdie Verordening uitgevoer is, verskyn.
- 1.1.3 Dit word van die lede van die Genootskap verwag om elke uitgawe van die Kuddeboek te koop waarin die rekords van diere van die ras deur hom vir aantekening of registrasie aangebied, gepubliseer is.
- 1.1.4 Soos deur die Raad van tyd tot tyd bepaal, sal die volumes van die Kuddeboek teen 'n bedrag, bereken om die druk- en uitgawekoste te dek, verkoop word.

1.2 Hulpstamboek Afdeling

1.2.1 Hulpstamboek A

- 1.2.1.1 Enige vroulike dier wat uit 'n kudde kom waarvan die telier 'n bevredigende verslag van afstamming aan die Raad kan verstrek en wat aan die minimum rasstandaard voldoen asook genotipies *cum* fenotipies Tuli is, sal vir registrasie in die Hulpstamboek A afdeling van die Kuddeboek in aanmerking kom op voorwaarde dat sy verwek is deur 'n volgeregistreerde bul, wat reeds goedgekeur is. Veelvuldige vaderparings sal slegs in aanmerking kom waar ouerskap deur 'n erkende DNA toets bevestig word.
- 1.2.1.2 Enige dier onder 'n vorige stelsel as F1 geregistreer.

1.2.2 Hulpstamboek B

- 1.2.2.1 Die nageslag van 'n Hulpstamboek A vroulike dier en 'n volgeregistreerde bul wat reeds goedgekeur is en wat aan die minimum ras- en prestasiestandaarde en aan al die ander vereistes ten opsigte van registrasie voldoen, sal in aanmerking kom vir registrasie in die Hulpstamboek B Afdeling van die Kuddeboek.
- 1.2.2.2 Enige dier onder 'n vorige stelsel as F2 geregistreer.

1.3 Volgeregistreerde Afdeling van die Kuddeboek (SP)

- Vir hierdie Afdeling van die Kuddeboek kom die volgende diere, indien hulle voldoen aan die minimum ras- en prestasiestandaarde en aan al die ander vereistes ten opsigte van registrasie, in aanmerking vir registrasie –
- (a) Alle nageslag van Hulpstamboek B-koeie x volgeregistreerde bulle wat reeds goedgekeur is.
 - (b) Alle nageslag van Hulpstamboek B-bulle x Volgeregistreerde koeie wat reeds goedgekeur is.
 - (c) Alle nageslag van Volgeregistreerde diere wat reeds goedgekeur is.
 - (d) Alle diere onder 'n vorige stelsel as F3 of F4 geregistreer.

2. VOORVOEGSEL EN KUDDEKENMERK

- 2.1 Diere sal nie vir aantekening of registrasie aanvaar word nie tensy die teler voor die tyd, deur die Genootskap, by die Vereniging vir sy uitsluitlike gebruik, 'n voorvoegsel regstreer waardeur al die diere wat deur hom geteel is en aangeteken of geregistreer word, onderskei sal word.
- 2.2 Geen voorvoegsel mag 18 karakters oorskry nie, en die naam van 'n dorp, poskantoor of stad in die Gebied sal nie aanvaar word vir registrasie as 'n voorvoegsel nie.
- 2.3 Die kuddekenmerk, soos deur die Genootskap by die Vereniging geregistreer vir die teler se uitsluitlike gebruik, mag nie vier spasies oorskry nie en sal uit letters bestaan.
- 2.4 Aansoek om registrasie van sodanige voorvoegsel en kuddekenmerk word by die Genootskap gedoen en moet vergesel gaan van sodanige registrasiegelde as wat van tyd tot tyd deur die Raad of die Vereniging bepaal mag word.
- 2.5 Die oordrag van 'n voorvoegsel van een teler na 'n ander sal nie toegelaat word nie behalwe onder sodanige omstandighede en aan sodanige persone as waarvoor in die Verordeninge van die konstitusie van die Vereniging voorsiening gemaak word.

3. IDENTIFIKASIE

- 3.1 Die Genootskap se amptelike stelsel van permanente identifikasie van diere wat vir aantekening of registrasie in die kuddeboek in aanmerking kom, is tatooëring of oorknippe met die voorbehoudsbepaling dat waar oorknippe gebruik word die dier by speen, en nie later as op agt maande ouderdom, gebrandmerk word. Tatooëring en brandmerke moet bestaan uit die kuddemerk-letters, jaarsyfer en volgnommer.
- 3.2 Die identifikasie van kalwers sal bestaan uit -
 - (a) kuddekenmerkletters wat nie meer as VIER spasies mag beslaan nie;
 - (b) 'n jaarsyfer wat sal bestaan uit die laaste TWEE syfers van die jaar waarin die dier gebore is; en
 - (c) 'n volgnommer van elke dier wat nie meer as VYF syfers sal beloop nie, en nie elke jaar by die nommer EEN hoef te begin nie.
- 3.3 Elke kalf moet binne 3 dae na geboorte deur die teler geïdentifiseer word.
- 3.4 Wanneer identifikasiemerke eenmaal aan 'n dier aangebring is, selfs as dit foutief, vaag, defektief of onleesbaar is, mag dit onder geen omstandighede reggemaak, verbeter, verander of gewysig word nie, tensy die Genootskap vooraf skriftelik daar toe toestemming gee nie.
- 3.5 Indien 'n teler met die identifikasie van 'n dier 'n fout begaan, of wanneer die identifikasiemerke vaag of onleesbaar word, moet die eienaar van die dier die Genootskap skriftelik daarvan in kennis stel en die dier sal dan weer getatooëer word in die teenwoordigheid van 'n inspekteur wat deur die Raad daar toe aangestel is nadat sodanige inspekteur oortuig is van die ware identiteit van die dier.
- 3.6 Daar mag geen byvoeging van enige ander tatooëermerke, van watter aard ookal, in die ore of liggaam van 'n dier deur die teler of eienaar daarvan of deur sy agent aangebring word nie en dit word ten strengste verbied en diere wat sulke merke dra, mag blootgestel word aan diskwalifikasie.

- 3.7 Behalwe vir die moontlike verpligte merk/brand van diere soos bepaal deur wetgewing of die vrywillige merk/brand van diere geregistreer in die Volgeregistreerde Afdeling van die Kuddeboek met die geregistreerde (brand)merk van die Vereniging, of soos voorgeskryf deur die Nasionale Vleisbeesverbeteringskema, is die aanbring van enige ander brand hoegenaamd, deur die teler of eienaar of sy agent, streng verbode en die aantekening- en/of registrasiesertifikaat van enige dier so gemerk sal gekanselleer word.
- 3.8 Geen dier mag verkoop of oorgedra word indien die dier nie duidelik geïdentifiseer is nie.

4. NAME

- 4.1 Geen dier sal in aanmerking kom vir inskrywing in die Kuddeboek nie tensy die dier duidelik gemerk en uitdruklik van 'n naam of nommer, wat die naam verteenwoordig, voorsien is. Die Raad het die reg om enige aansoek ten opsigte van 'n dier wat na sy oordeel nie duidelik gemerk is nie, of 'n misleidende naam het, te weier.
- 4.2 Die naam sal die voorvoegsel wat vir die teler geregistreer is insluit, en insluitende die voorvoegsel, mag geen naam uit meer as vier woorde bestaan nie, en uitsluitend die voorvoegsel, sal dit nie 20 spasies oorskry nie.
- 4.3 Indien die naam van 'n dier eers aangeteken of geregistreer is, kan dit daarna nie weer gewysig of verander word nie, tensy die naam 'n ooglopende fout openbaar, in welke geval die naam dan net op so 'n manier verander sal word as wat nodig is om die fout te herstel.

5. DEKKING- EN INSEMINERINGSERTIFIKATE EN DIE GESAMENTLIKE BESIT VAN BULLE

5.1 Dekking- of Insemineringsertifikate

- 5.1.1 Indien 'n dragtige dier, wat aangeteken of geregistreer is of gesik is vir aantekening of registrasie, verkoop word moet die verkoper die koper van 'n dekkingsertifikaat (natuurlike dekking) of 'n insemineringserfifikaat (kunsmatige inseminering) voorsien.
- 5.1.2 Sodanige sertifikaat moet die naam en aantekening- of registrasienommer van die bul, die naam en aantekening- of registrasienommer van die koei wat betrokke is verstrek, asook die datum van dekking of inseminering.
- 5.1.3 Ingeval die presiese datum van dekking nie bekend is nie, moet die dekkingsertifikaat die tydperk aandui wat die betrokke vroulike dier en genoemde bul saam geloop het en verder dat die betrokke dier nie gedurende daardie tydperk deur enige ander bul gedek kon gewees het nie.
- 5.1.4 Veelvuldige vaderparings is toelaatbaar. Slegs volgeregistreerde bulle wat reeds goedgekeur is mag vir veelvuldige vaderparings gebruik word. Die nageslag verwek deur veelvuldige vaderparings sal slegs in aanmerking kom vir aantekening of registrasie in die kuddeboek na die vaderskap bevestig is deur 'n DNA toets of enige ander beproefde wetenskaplike metode om ouerskap te bevestig.

5.2 Gesamentlike besit van Bulle

- 5.2.1 In die geval van gesamentlike besit van bulle, moet die volle naam en adres van elke mede-eienaar op rekord wees by die Vereniging
- 5.2.2 Indien 'n teler die gebruik van sy bul of bulle deur 'n mede-teler toelaat, moet die toepaslike bepalings in die Wet en hierdie Verordening nagekom word.

6. REËLS MET BETREKKING TOT KUNSMATIGE INSEMINERING

- 6.1 Diere wat wettiglik deur kunsmatige inseminering verwek is sal vir aantekening of registrasie in aanmerking kom: Op voorwaarde dat aan al die vereistes van die Grondwet *mutatis mutandis* voldoen is.
- 6.2 Indien verskillende bulle vir die verskaffing van semen gebruik word vir die kunsmatige inseminering van dieselfde vroulike dier, minder as 21 dae uitmekaar, sal geen nageslag wat verwek mag word vir aantekening of registrasie in aanmerking kom nie, ongeag die bepalings van Verordening 6.1 hiervan, tensy die vaderskap bevestig is deur 'n DNA-toets of enige ander beproefde wetenskaplike metode om ouerskap te bevestig.
- 6.2 Die Genootskap behou die reg om deur middel van sy ampsdraers toesig te hou oor en/of inspeksie uit te voer aangaande die noukeurige aantekening van die toepassing van kunsmatige inseminering deur sy telers.
- 6.3 Die Genootskap en die Vereniging behou die reg om te weier om nageslag wat deur kunsmatige inseminering verwek is, aan te teken of te registreer indien enige van hierdie reëls of die bepalings van die wet nie ten volle nagekom is nie.
- 6.4 Telers wat in die lande buite Suid-Afrika woonagtig is en die voorregte van aantekening en registrasie van diere geniet, mag aansoek doen om die aantekening of registrasie van kunsmatig verwekte nageslag: Op voorwaarde dat die semen verkry is van 'n bron wat deur die Genootskap goedgekeur is, en verder op voorwaarde dat die opvang van die semen, die hantering daarvan, die inseminering van die diere en die hou van verslae so gedoen word as wat die Genootskap van tyd tot tyd mag goedkeur.
- 6.5 Die Genootskap bevestig dat, onderhewig aan die bepalings van die Wet, individuele telers onbeperkte hoeveelhede semen van hul eie bulle vir gebruik op hul eie en ander diere mag opvang, en dat die nageslag verwek deur die gebruikmaking van sodanige semen geskik is vir aantekening of registrasie: Op voorwaarde dat-
 - (a) volledige besonderhede van eienaarskap van die betrokke dier en die verkoop van die semen aan die Genootskap voorgelê is; en
 - (b) die amptelike DNA-laboratoriumnommer van die dier by die Genootskap ingedien is.

7. REËLS MET BETREKKING TOT EMBRIO-OORPLASINGS

- 7.1 Diere wat wettiglik deur eisel-oorplasings ontstaan het, sal vir aantekening of registrasie in aanmerking kom: Op voorwaarde dat-
 - (a) aan al die vereistes van die Grondwet *mutatis mutandis* voldoen is;
 - (b) beide die semen- en eiselskenker vir sodanige doeleindes deur die Raad goedgekeur is;

- (c) behalwe in die geval van 'n dier wat uit 'n embryo-ooplasing ontstaan en *in utero* ingevoer is, die volgende dokumente binne 120 dae na elke embryo-ooplasing aan die Genootskap voorgelê is-
 - (i) die amptelike DNA-laboratoriumnummers van die semen- en eiselskenker betrokke; en
 - (ii) 'n sertifikaat deur 'n veearts of embryo-ooplaser, of in die geval van binne-kudde embryo-ooplasing die eienaar, te dien effekte dat die bepalings van die Wet nagekom is;
- (d) in die geval van 'n dier wat uit 'n eisel-ooplasing ontstaan het en *in utero* ingevoer is, die volgende bewyse en dokumentasie, onderteken deur 'n bevoegde liggaam in die land van herkoms, by die Genootskap ingedien word binne 30 dae na die aankoms van die ontvangerkoei in Suid-Afrika -
 - (i) bewys van die dekking of inseminasie en spoeling van die embrioskenker;
 - (ii) bewys van die oordrag en die oordragdatum na die betrokke ontvangerkoei;
 - (iii) tweegenerasie stamboom van beide skenkers;
 - (iv) hul DNA-sertifikate; en
 - (v) bewys dat hul standaarde van voortreflikheid aan die vereistes voldoen soos deur die Raad bepaal mag word;
- (e) 'n geboortekennisgewing met betrekking tot 'n dier verwek deur 'n eisel-ooplasing op die voorafgedrukte vorm ingedien word waarna in Verordening 9.2 verwys word;
- (f) ouerskap sal in elke geval deur 'n DNA-toets of enige ander beproefde wetenskaplike metode van bevestiging van ouerskap, bevestig word tensy anders deur die Genootskap of die Vereniging bepaal; en dat
- (g) aan al die ander vereistes van die Grondwet met betrekking tot geboortekennisgewings, inspeksie en/of prestasie en aantekeninge en/of registrasies voldoen is.

- 7.2 Die Genootskap behou die reg om deur middel van sy ampsdraers toesig te hou oor en/of inspeksie uit te voer aangaande die noukeurige aantekening van die toepassing van embryo-ooplatings deur sy telers.
- 7.3 Telers wat in die lande buite Suid-Afrika woonagtig is en wat die voorregte van registrasie van diere geniet, mag aansoek doen om die registrasie van nageslag wat deur embryo-ooplatings ontstaan het: Op voorwaarde dat die eiselle verkry is van 'n bron wat deur die Genootskap goedgekeur is, en verder op voorwaarde dat die opvang van die eiselle, die hantering daarvan, die ooplasing van embryo's en die hou van verslae so gedoen word as wat die Genootskap van tyd tot tyd mag goedkeur.
- 7.4 Die Genootskap en die Vereniging behou die reg om te weier om nageslag wat deur embryo-ooplatings ontstaan het, aan te teken of te registreer indien enige van hierdie reëls of die bepalings van die Wet nie ten volle nagekom is nie.

8. DRAGTIGHEIDS- EN INTERKALFPERIODES

- 8.1 Die minimum aanvaarbare dragtigheidperiode is 265 dae en die maksimum 310 dae.

8.2 Geen dragtigheidperiode buite die tydsbestek sal sonder spesiale goedkeuring van die Raad erken word nie tensy ouerskap deur 'n DNA-toets bevestig word.

8.3 Die minimum aanvaarbare periode tussen die geboortedatums van twee agtereenvolgende kalwers uit een koei (interkalfperiode) is 270 dae, behalwe in die geval van meerlinge wat nie op dieselfde dag gebore word nie.

9. KENNISGEWING VAN GEBOORTE EN AANSOEK OM REGISTRASIE

9.1 Die teler van 'n kalf wat vir registrasie in aanmerking kan kom, moet die Vereniging van die geboorte van die kalf in kennis stel, ongeag of so 'n kalf lewendig of dood gebore is, of vir registrasie behou word, al dan nie.

9.2 Alle kennisgewings van geboorte moet op 'n wyse soos deur die Vereniging goedgekeur geskied, en nie later nie as 60 dae na die geboortedatum van die betrokke kalwers aan die Vereniging gestuur word en afskrifte daarvan moet deur die betrokke teler bewaar word sodat dit te alle redelike tye beskikbaar is vir insae en kontrolering deur amptenare van die Genootskap.

9.3 Ongeag Verordening 9.2 kan die Vereniging 'n kennisgewing van geboorte vir registrasie aanvaar wat die Vereniging bereik meer as 60 dae na die geboorte van die kalf: Op voorwaarde dat met die kennisgewing ook die boete ingesluit word.

9.4 Die Vereniging sal namens elke teler rekords hou van alle geboortes, hetsy lewendig of doodgebore, waarvan die teler die Vereniging behoorlik in kennis gestel het en ook van sodanige ander besonderhede as wat deur die Vereniging nodig gevra word.

9.5 Die geboortekennisgewing is onderworpe daaraan dat die teler volle verantwoordelikheid aanvaar dat die stamboom, telingsbesonderhede en permanente identifikasie van die dier of diere in die geboortekennisgewing vermeld korrek is en dat aan al die vereistes van die Grondwet met betrekking tot geboortekennisgewings voldoen is.

9.6 In die geval van 'n dier wat *in utero* ingevoer is, moet die geboortekennisgewing vergesel gaan van 'n sertifikaat wat behoorlik geteken is deur 'n bevoegde liggaam in die land van herkoms en waarop aangedui word -

- (a) dat die identifikasie van die vader, soos op die dokumente aangedui, korrek is; en
- (b) dat die vader aan die aantekening- of registrasie vereistes voldoen soos deur die Raad bepaal mag word.

10. BEVESTIGING VAN OUERSKAP

10.1 Ten einde die ouerskap van 'n aangetekende of geregistreerde dier of 'n dier geskik vir aantekening of registrasie te bepaal behou die Genootskap die reg om te eniger tyd 'n DNA-toets of enige ander beproefde wetenskaplike metode van bevestiging van ouerskap te vereis -

- (a) as 'n roetine prosedure soos van tyd tot tyd deur die Vereniging bepaal; en
- (b) in enige geval van twyfel.

10.2 In die geval van die DNA-toets waarna in Verordening 10.1(a) verwys word sal die teler vir alle koste van alle ouerskapkontroletoetse van die tweede toets af, verantwoordelik wees.

10.3 In die geval van die DNA-toets waarna in Verordening 10.1(b) verwys word sal die teler of die Genootskap, soos deur die Raad bepaal vir die koste van die DNA-toetse verantwoordelik wees.

11. VEREISTES VIR AANTEKENING OF REGISTRASIE

11.1 Algemeen

11.1.1 Inspeksie is 'n voorvereiste vir die aantekening of registrasie van Suid-Afrikaansgetelde of ingevoerde diere en behalwe deur spesiale goedkeuring van die Raad of in die geval van bulle wat 'n fase C of D toets voltooi het, sal geen dier onder die ouderdom van 12 maande aangeteken of geregistreer word nie.

11.1.2 Uitgesonder die bepalings van Verordening 11.2.1 sal geen aansoek om aantekening of registrasie van 'n Suid-Afrikaansgetelde dier oorweg word nie tensy -

- (a) besonderhede van geboorte na behore aangeteken is of ooreenkomsdig die bepalings van Verordening 9 vir aantekening of registrasie aanvaar is,
- (b) beide ouers of, in die geval van 'n dier ingevoer *in utero* of 'n dier voort spruitend uit ingevoerde semen, die moeder, by die Vereniging aangeteken of geregistreer is,
- (d) die vader ten tyde van die dekking van die moeder ouer as twaalf maande was en DNA-toetse vir hom gedoen is en/of die moeder ten tyde van dekking ouer as twaalf maande was.

11.1.3 Geen dier sal vir aantekening of registrasie in aanmerking kom indien dit nie aan die rasstandaard voldoen nie.

11.1.4 Indien daar twyfel bestaan oor die besonderhede op die geboortekennisgwing of meegaande sertifikate, mag die dier na oordeel van die Raad van aantekening of registrasie uitgesluit word.

11.1.5 Die metode van aansoek sal -

- (a) deur die Vereniging neergelê word; en
- (b) deur die Genootskap geëndosseer word te dien effekte dat al die vereistes van die Grondwet met betrekking tot aantekening of registrasie nagekom is.

11.1.6 Geen vroulike dier uit 'n veelvoudige geboorte van beide geslagte sal vir aantekening of registrasie in aanmerking kom tensy haar vermoë om te teel deur kalwing of enige ander beproefde wetenskaplike metode van bevestiging van vrugbaarheid bevestig is nie.

11.2 Ingevoerde Diere

11.2.1 'n Ingevoerde dier of 'n dier verwek deur ingevoerde semen of 'n ingevoerde embrío sal geskik wees vir aantekening of registrasie op voorwaarde dat die vereistes van die Wet en van die Grondwet *mutatis mutandis* nagekom is.

- 11.2.2 'n Dier wat in die Gebied ingevoer word sal gesik wees vir aantekening of registrasie op voorwaarde dat aansoek vir aantekening of registrasie binne drie maande vanaf datum van aankoms van die dier gedoen word en die aansoek vir aantekening of registrasie vergesel gaan van -
- (a) 'n sertifikaat van aantekening of registrasie of 'n oorspronklike uitvoersertifikaat wat 'n twee generasie uitgebreide stamboom weergee, uitgereik deur die stamboekgenootskap in die land van herkoms;
 - (b) bewys tot dien effekte dat die betrokke dier aan die aantekening- of registrasie vereistes voldoen soos van tyd tot tyd deur die Genootskap bepaal mag word; en
 - (c) 'n verslag van die inspekteur wat bevestig dat die permanente identifikasiemerk soos op die aanntekening-, registrasie- en/of uitvoersertifikaat aangedui ooreenstem met die betrokke dier.
- 11.2.2 Aantekening-/Registrasiesertifikate sal deur die Vereniging ten opsigte van ingevoerde diere uitgereik word.
- 11.3 Ingevoerde Semen en Eiselle**
- 11.3.1 Nageslag wat deur inovulering met ingevoerde eiselle ontstaan het ten opsigte waarvan die bepalings van die Grondwet *mutatis mutandis* voldoen is, sal vir aantekening of registrasie in aanmerking kom: Op voorwaarde dat sodanige ingevoerde eiselle-
- (a) deur 'n bevoegde liggaam in die land van herkoms (goedgekeur deur die Direkteur: Diergesondheid van die Nasionale Departement van Landbou) van eiselskenkers wat aan die minimum vereistes vir aantekening of registrasie voldoen soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal; en
 - (b) indien bevrug moet sodanige eiselle bevrug wees met die semen van 'n dier wat eweneens aan die minimum vereistes vir aantekening of registrasie voldoen soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal.
- 11.3.2 Die geboortekennisgewing moet, onderhewig aan die bepalings van Verordening 6, ook vergesel gaan van 'n sertifikaat deur 'n bevoegde liggaam in die land van herkoms, goedgekeur deur die Genootskap en die Vereniging, waarop aangedui word-
- (a) die name, identifikasie- en aanntekening-/registrasienommers van die eisel- en semen skenkers;
 - (b) die datum en plek van opvangs; en
 - (c) die aantal lewensvatbare eiselle van die betrokke eiselskenker opgevang.

12. INSPEKSIE EN PRESTASIEVEREISTES

12.1 Minimum Standaarde

Minimum inspeksie- en prestasiestandaarde, as voorvereiste vir aantekening en registrasie, sal van tyd tot tyd deur die Raad bepaal word,

12.2 Inspeksie en Pligte van Inspekteurs

12.2.1 Die Raad sal, ooreenkomsdig Klousule 9(i) van die Grondwet, inspekteurs aanstel om alle diere wat aantekenbaar of regstreerbaar is, op aansoek van die betrokke teler, te inspekteer of te klassifiseer.

- 12.2.2 'n Inspekteur sal elke aantekenbare of regstreerbare dier keur of klassifiseer nadat die bewys van geboortekennisgewing en aansoek om aantekening of registrasie aan hom voorgelê is. Hy moet homself vergewis dat die identifikasie, kleur, ouderdom en ander gegewens wat op die geboortekennisgewingsertifikaat voorkom reg aangegee is en ooreenstem met die dier wat vir inspeksie of klassifikasie aangebied word. Verder moet hy tot eie bevrediging seker maak dat die dier in alle opsigte voldoen aan die rasstandaard en aan minimum prestasievvereistes soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal. Enige verskil of teenstrydigheid kan so 'n dier diskwalifiseer en daar toe lei dat die dier gekanselleer word.
- 12.2.3 Dit is verpligtend dat 'n teler tydens besoek van die inspekteur alle diere van die betrokke groep en aan die volgende minimum ouderdom vereistes voldoen voor die inspekteur te bring vir keuring.
Bulle-Minimum ouderdom 12 maande, behalwe bulle wat 'n fase C of D toets voltooi het en na voltooiing van die toets gekeur moet word.
Koei-Minimum ouderdom 12 maande.
Die inspekteur het die mag om na eie oordeel enige dier oor te hou vir inspeksie tot die volgende besoek. By keuring word 'n dier slegs goedgekeur of afgekeur, afgradering word nie toegelaat nie.
- 12.2.4 'n Inspekteur mag in opdrag van die Raad van tyd tot tyd sonder vooraf waarskuwing in algemene inspeksie van enige kudde doen.
- 12.2.5 Enige telers wat nie met 'n inspekteur se beslissing tevrede is nie, mag binne drie weke na die inspeksie of klassifikasie appèl aanteken by die Genootskap. Sodanige appèl moet van 'n deposito, soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal, vergesel gaan. 'n Appèlraad wat deur die Raad van die Genootskap aangewys word sal dan die betrokke dier of diere inspekteer en indien die appèl slaag, sal die deposito terugbetaal word. Indien nie, verbeur die appèllant sy deposito en is verantwoordelik vir alle koste deur die Appèlraad aangegaan.
- 12.2.6 Behalwe in die gevalle waarna verwys word in Verordening 12.2.4, sal telers vroegtydig van die tyd en datum van 'n inspekteur se voorgenome besoek in kennis gestel word.
- 12.2.7 Spesiale inspeksies of klassifikasies kan slegs met toestemming van die Raad plaasvind indien 'n inspekteur beskikbaar is en die aansoeker toestem om die geldte ten opsigte van spesiale inspeksies soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal en die reis- en ander koste van die inspekteur te betaal.
- 12.2.8 Bo en behalwe die inspeksies waarna hierbo verwys word, mag inspekteurs in opdrag van die Raad ander pligte verrig wat die volgende insluit:
- (a) klassifikasie of gradering op aansoek van die betrokke teler teen sodanige tarief as wat die Raad van tyd tot tyd mag bepaal; en

- (c) demonstrasies en lesings tydens boeredae of beoordelaarskursusse.
- 12.2.9 Inspekteurs in diens van die Genootskap mag nie instruksies van telers of nie-lede aanvaar om die koop en verkoop van diere te bewerkstellig nie en ook nie enige kommissie ontvang voortspruitend uit die koop of verkoop van diere nie: Op voorwaarde dat hierdie bepaling nie op telers wat as inspekteurs aangestel is van toepassing is nie.
- 12.2.10 Geen teler mag as inspekteur van sy eie diere of die van 'n familielid optree nie.

13. AANTEKENING- EN REGISTRASIESERTIFIKATE

13.1 Oorspronklike Sertifikate

Aantekening- en registrasiesertifikate wat ten opsigte van diere uitgereik word wat aan die inspeksie- en prestasievereistes in terme van Verordening 12 voldoen, sal in die formaat wees soos deur die Vereniging en die Genootskap ooreengekom en sal gemete prestasiegegewens, soos behaal in terme van die reëls van die Nasionale Prestasietoetsskema, bevat.

13.2 Veranderings of byvoegings op Aantekening- of Registrasiesertifikate

Enige wysiging of byvoeging tot die essensiële inligting of besonderhede wat amptelik op enige aantekening- of registrasiesertifikaat voorkom, wat nie deur die Hoofbestuurder van die Vereniging geparafeer is nie, of enige ongemagtigde endossement of opmerking op sodanige sertifikaat wat betrekking het op die essensiële inligting of besonderhede wat daarin vervat is, sal sodanige sertifikaat ongeldig maak.

13.3 Duplikaat Aantekening- of Registrasiesertifikate

Op ontvangs van 'n skriftelike aansoek van die geregistreerde eienaar van 'n dier, vergesel van 'n verklaring deur die aansoeker waarin die gebeure duidelik uiteengesit word, sal die Vereniging 'n duplikaat van die oorspronklike sertifikaat uitreik wat beskadig, per ongeluk vernietig of verlore is: Op voorwaarde dat sodanige aansoek gedoen word deur die persoon in wie se naam die betrokke dier laaste aangeteken of geregistreer is en verder dat die aansoek vergesel gaan van sodanige geldige betaalbaar soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal.

13.4 Kansellering van Aantekening- of Registrasiesertifikate en die Herinstelling van Diere

- 13.4.1 Die Raad mag die Bestuurder versoek om by die Vereniging aansoek te doen om die kansellering van die aantekening of registrasie van enige dier wat -
- (a) verkeerdlik aangeteken of geregistreer is;
 - (b) aangeteken of geregistreer is op grond van valse of bedrieglike inligting wat deur die eienaar verstrek is;
 - (c) aangeteken of geregistreer is nadat die eienaar versuim het om te voldoen aan enige vereiste van enige toepaslike Verordening;
 - (d) wat nie aan die minimum vereistes soos wat van tyd tot tyd deur die Raad bepaal word, voldoen nie; en om die teler of eienaar dienooreenkomsdig in kennis te stel.

- 13.4.2 Indien 'n dier wat aangeteken of geregistreer is vrek, gekastrer of gesteriliseer word, of nie voor 40 maande ouderdom gekalf het nie, of in die geval van 'n vers wat buite 'n teler se normale teelseisoen gebore is nie voor 45 maande gekalf het nie, of vir slagdoeleindes verkoop word, moet die sertifikaat wat deur die Vereniging uitgereik was binne 30 dae na sodanige gebeure aan die Vereniging teruggestuur word vir kansellering en/of endossement ingevolge die bepalinge van die Grondwet van die Genootskap en van die Vereniging.
- 13.4.3 Alle sodanige teruggestuurde dokumente vir kansellasie sal behoorlik geëndosseer en vir 'n periode van ses maande deur die Vereniging gehou word, waarna dit vernietig sal word.
- 13.4.4 Indien 'n dier in terme van Verordening 13.4.1 gekanselleer is, sal sodanige dier slegs op aanbeveling van die Raad in die rekords van die Vereniging herstel word. Die eienaar van 'n dier kan te eniger tyd deur die Genootskap by die Vereniging aansoek doen vir die herinstelling van 'n dier wat deur hom gekanselleer is. Die aansoek om herstelling moet vergesel gaan van die gelde wat van tyd tot tyd hiervoor deur die Raad bepaal word.
- 13.4.4 Geen nageslag van 'n dier, waarvan die aantekening of registrasie ooreenkomsdig Verordening 13.4.1 gekanselleer is, sal na die datum van sodanige kansellasie aangeteken of geregistreer word nie.
- 13.4.6 Voordat die Raad om die kansellering van 'n dier aansoek doen, moet die Genootskap die eienaar van die dier minstens 30 dae voor die tyd skriftelik kennis gee van die voorneme om dit te doen.

14. OORDRAGTE

- 14.1 Verandering van eienaarskap sal as plaasgevind beskou word indien -
- (a) 'n dier verkoop, geruil of geskenk is;
 - (b) 'n dier geërf is;
 - (c) 'n vennootskap of twee of meer persone wie gesamentlik 'n deelnemer is ontbind is; of
 - (d) 'n manlike dier aangeteken of geregistreer is in die naam van twee of meer eienaars en enigeen (of meer) afstand doen van sy/hul aandeel in die dier wat so aangeteken of geregistreer is of om enige rede afstand doen van sy/hul belang in genoemde aangetekende of geregistreerde manlike dier.
- 14.2 Enige verkoper wie eienaarskap van 'n dier, of gedeeltelike eienaarskap in 'n manlike dier, oordra, moet binne 30 dae vanaf datum van oordrag - die Vereniging met die aantekening- of registrasiesertifikaat van die betrokke dier voorsien, met die besonderhede van die oordrag volledig voltooi op die betrokke sertifikaat; en
- (a) die Genootskap voorsien met die gelde betaalbaar wat van tyd tot tyd deur die Raad bepaal mag word:
- Op voorwaarde dat indien die aansoek later as 30 dae, maar minder as 90 dae na die oordragdatum deur die Genootskap ontvang word of meer as 60 dae maar minder as 90 dae na die datum, die gelde wat met betrekking tot die oordrag verskuldig sal wees, respektiewelik dubbeld en driemaal die voorgeskrewe gelde sal wees. 'n Aansoek om sodanige oordrag wat meer as 90 dae na die oordragdatum deur die Vereniging ontvang word sal aanvaar word na betaling van sodanige gelde as wat van tyd tot tyd deur die Raad bepaal mag word.

- 14.1 Vir die doel van hierdie Verordening word die oordragdatum gereken as die datum waarop die dier die besit van die verkoper of oordraer verlaat.
- 14.4 Indien die dier wat oorgedra word -
- (a) 'n dragtige vroulike dier is, moet die verkoper die Vereniging met 'n sertifikaat voorsien wat die naam, identifikasie en aantekening-/registrasienommer van die manlike dier aandui wat haar gedek het, tesame met die dekkingsdatum/s, of van die manlike dier met wie se semen sy geïnsemineer is, en die inseminasie datum/s, wat ookal die geval mag wees. Die verkoper moet ook die koper met 'n afskrif van sodanige sertifikaat voorsien;
 - (b) 'n ontvangerkoei is, moet die aansoek om oordrag vergesel gaan van die geboortekennisgewing waarna in Verordening 9.2 verwys word tesame met die ander sertifikate in ooreenstemming met Verordening 6.
- 14.2 Indien die verkoper of oordraer in gebreke bly of weier om enige stappe te doen ten uitvoer van sodanige oordrag en in gebreke bly of weier om die oorspronklike aantekening- of registrasiesertifikaat te verskaf en indien die koper of nuwe eienaar bereid is om sodanige gelde as wat die Raad mag voorskryf te betaal, mag die Raad sodanige stappe neem as wat nodig geag mag word om te voldoen aan die wense van die koper of nuwe eienaar.
- 14.5 Geen verandering sal aan 'n reeds aangetekende oordragdatum aangebring word nie tensy 'n aansoek te dien effekte, behoorlik deur die betrokke koper en verkoper onderteken, by die Genootskap ingedien word.

15. WEIERING VAN AANSOEKE

- 15.1 In die geval van nageslag van 'n vroulike dier gedek deur verskillende manlike diere of geïnsemineer met semen van verskillende manlike diere minder as 21 dae uitmekaar, sal die Genootskap die Vereniging versoek om aantekening of registrasie te weier tensy vaderskap bevestig word deur 'n DNA-toets of enige ander beproefde wetenskaplike metode vir die bevestiging van ouerskap wat deur die Vereniging aanvaarbaar is.
- 15.2 Die Genootskap mag die Vereniging versoek om te weier om enige aansoeke van persone te aanvaar wie opsetlik valse, onvolledige of misleidende inligting verskaf het of wie versuim het om binne 'n redelike tyd enige inligting of besonderhede wat dit sy plig was om te verstrek, te voorsien.
- 15.3 Wanneer ookal die Vereniging geweier het om aansoeke van enige persoon te aanvaar, mag die Genootskap daarbenewens die Vereniging versoek om enige of alle vorige inskrywings namens sodanige persoon in die Kuddeboek, te kanselleer.
- 15.4 Die Genootskap sal geen stappe ooreenkomsdig Verordeninge 15.2 of 15.3 neem nie tot na 'n ondersoek deur 'n kommissie bestaande uit die President en/of Vise-President en twee ander lede aangestel deur die Raad, en in ooreenstemming met die aanbevelings van sodanige kommissie.

16. INVOER EN UITVOER VAN DIERE, SEMEN EN EISELLE

- 16.1 Aansoeke vir die in- en uitvoer van diere, semen en eiselle sal, ooreenkomsdig die Wet, in duplikaat op die vorms, verkrygbaar by die Registrateur, by die Genootskap ingedien word tesame met die voorgeskrewe gelde. Die Genootskap sal een afskrif tesame met sy aanbeveling en die dokumente wat die besonderhede weergee waarna in Verordening 16.2 verwys word, aan die Registrateur stuur.

- 16.2 Die Raad sal minimum prestasie- en ander vereistes vir die invoer en uitvoer van diere, semen en eiselle ooreenkomsdig Klousule 9(y) van die Grondwet bepaal en geen sodanige invoer of uitvoer sal deur die Genootskap by die Registrateur aanbeveel word, tensy aan al die genoemde vereistes voldoen is nie.
- 16.3 Ingevoerde diere en diere verwek deur ingevoerde semen en eiselle wat aan die minimum vereistes waarna in Verordening 16.2 en die vereistes van die Grondwet voldoen verwys word, sal gesik wees vir aantekening of registrasie.
- 16.4 Die Vereniging mag, op aansoek en by betaling van sodanige gelde as wat deur die Raad bepaal mag word, uitvoersertifikate uitreik ten opsigte van semen, semen of eiselle in die formaat soos deur die Genootskap verlang en deur die Vereniging goedgekeur.

17. WERKNEMERS VAN DIE GENOOTSKAP

Geen werknemer van die Genootskap mag, behalwe in die uitvoering van sy pligte as sodanige werknemer, enige diens lewer of by enige besigheid in verband met die koop en verkoop van diere betrokke wees nie.

18. OORDRAG VAN BEVOEGDHEDE

Ondanks enige bepalings in die Grondwetstrydig hiermee, mag enige lid deur 'n volmagprokurasie, behoorlik uitgereik en deur die Bestuurder geliasseer, 'n ander persoon volmag gee om namens hom geboortekennisgewings/aansoeke om aantekening of registrasie, oordragsertifikate, dekkingsertifikate, opgawes of verslae of enige ander dokumente met betrekking tot die administrasie van 'n kudde te onderteken. Enige sodanige handtekening deur so 'n ten volle gemagtigde persoon sal deur die Genootskap as net so geldig en bindend aanvaar word asof dit die lid se eie handtekening is: Op voorwaarde dat niiks wat hierin vervat is, so 'n gevollmachtigde persoon daartoe in staat sal stel om op enige moontlike manier deel te neem aan die nominering van, of stemming vir, enige Raadslid, of stemming oor enige aangeleentheid waaroor sy prinsipaal stemreg het of om enige vergadering namens sy prinsipaal by te woon nie.

19. NIE-LEDE

Sodanige voordele van lidmaatskap as wat die Raad mag bepaal, mag aan nie-lede verleen word: Met dien verstande dat geen wetlike of ander verpligting op die Genootskap sal rus ten opsigte van sodanige nie-lede nie en op verdere voorwaarde dat alle gelde met betrekking tot enige dienste wat deur die Genootskap aan nie-lede gelewer word, sal wees soos wat van tyd tot tyd deur die Algemene Jaarvergadering bepaal. Sodanige gelde sal vooruitbetaalbaar wees.